Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no.7
Julie 2004

1904 - SJP KRUGER - 2004

Paul Kruger – dit is al so lank gelede…, en tog is dit nog maar net honderd jaar terug dat hy sy laaste boodskap aan sy ou volk gerig het. Die brief, gestuur aan genl. Louis Botha, is gedateer 29 Junie 1904.

Met ingehoue spanning kan 'n mens dan vra, wat sal Oom Paul, aan die einde van sy lewe, nog te sê hê? Wat het hy nie alles meegemaak nie, vanaf die jare dat hy as jong seun met die Groot Trek na die noorde verhuis het, tot aan die bitter tragiese einde van die 'Zuid-Afrikaansche Republiek' in 1902. Was hy verbitterd? Het hy berus? Het hy nog 'n toekoms gesien? Dit is sekerlik die mees voorkomende vrae wat in sulke omstandighede gestel kan word.

Merkwaardig genoeg gaan die brief op al hierdie sake in. Hy was nie verbitterd in die sin van magtelose woede nie, maar hy het wel die bitter van die laaste jare diep ervaar. Veral die onreg van Britse kant, kon hy nie miskyk en vergeet nie. "Gebore onder die Britse vlag, wens ek nie daaronder te sterf nie." skryf hy. Ondanks sy groot hunkering na Suid-Afrika, het hy verkies om dan liewer as eensame balling te sterf. "Ek het geleer om by die bittere gedagte te berus."

Het hy 'n toekoms vir sy volk gesien? Die rede waarom Kruger die brief - wat sy laaste boodskap sou word - gestuur het, was om te antwoord op 'n groete-telegram wat hy van 'n politieke kongres wat in Mei 1904 in Pretoria gehou is, ontvang het. In die antwoord sluit hy knap daarby aan: 'n kongres wat byeen gekom het om oor die hede en die toekoms te beraadslaag, dink daaraan om die ou president te groet. En dit is goed, want wie vir homself 'n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie. En dan volg die bekende woorde: "Soek in die verlede al die goeie en skone wat daarin te ontdek is, vorm daarna u ideaal en trag vir die toekoms daardie ideaal te verwesenlik."

Daar is meer wat die geskiedenis kan leer: "Vergeet nooit die ernstige waarskuwing wat lê in die woorde 'verdeel en heers' en sorg dat hierdie woorde nooit op die Afrikaanse volk van toepassing sal kan wees nie."
En verder, hy bely dat die toekoms soos die verlede in God se hand is. Kruger het leer berus, en waar anders het hy dit geleer as uit die Bybel wat hy steeds byderhand gehad het?

Paul Kruger het 'n waardige laaste boodskap aan sy volk nagelaat. Dit kon hy doen omdat hy in sy hele lewe al sy dade uit 'n betroubare bron laat voed het.

JWM

In Hierdie Uitgawe

Tema: Kruger en Mandela

- **Kruger as staatsman 2**
- **Kruger en die Gereformeerde Kerk Rustenburg 4**
- **Kruger biografie 8**
- **Mandela as staatsman 11**
- **Long walk to Freedom 13**
- Onderhoud: Joop & Joke Parre 16
- Nieu-Seeland 18
- Meditasies oor die Veni Creator 20

PAUL KRUGER AS STAATSMAN

Dr JW Meijer

TEMA: KRUGER EN MANDELA

'n Herdenking van Paul Kruger se sterfjaar moet beslis aan die vraag wat sy beginsels vir die staatkunde was en hoe hy dit in die praktyk probeer implementeer het, aandag gee. 'n Tydskrifartikel soos hierdie is egter baie beperk en gevolglik kan slegs enkele aspekte van die onderwerp genoem word. Gelukkig is daar baie literatuur oor hierdie onderwerp, dus die geïnteresseerde leser kan sy nuuskierigheid maklik bevredig. In hierdie artikel word die twee belangrikste beginsels van Kruger uitgelig.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen (eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. G van den Berg
Bloukeurstr 17
Blommendal
Bellville 7530
Tel. (021) 919-9732

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos • 40

DIE CHRISTELIKE BEGINSEL

"Die godsdiens is die fondament van die staat" is een van die grondstellings van Kruger. Herhaaldelik het hy daarvan blyk gegee dat met name die geskiedenis van die Voortrekkers en die Boererepublieke onder die sigbare leiding van God plaasgevind het. Hy het daarin 'n sterk ooreenkoms met die geskiedenis van Israel opgemerk. Tot watter praktiese standpunte het hierdie uitgangspunt by Kruger gelei?

Vir hom persoonlik het dit beteken dat die staatspresident hom voorgeneem het om almal op God se mag te wys en sy seëninge wat die volk ondervind, te roem.
Vir die verhouding tot die kerk het hy 'n absolute skeiding voorgestaan: geen finansiële ondersteuning van die staat aan die kerk nie, geen predikante as huweliks-kommissarisse of skoolinspekteurs nie, maar wel 'n duidelike erkenning van die plig van die staat om die kerk te beskerm en die volle vryheid te garandeer om sy taak te verrig. Die belastingplig van die inwoners mog nie sodanig wees dat dit die werksaamhede van die kerk sou belemmer nie, selfs was die enigste perd van 'n ouderling van kommandering vrygestel, want as jy die kerk verlam, verlam jy die staat.

Die Christelike beginsel het ook direkte gevolge vir die onderwys gehad. Dit was Kruger se oortuiging dat die algemene of laer onderwys in die hande van die kerklike gemeentes onder toesig van die kerkraad moes wees. Die staat sou ook die koste van die kerk/gemeente se skole dra. Uiteraard moes die staat vereistes van kwaliteit en inrigting van die skole vasstel, maar die vereistes mog nie sodanig wees dat dit die skoolstigting deur gemeentes sou belemmer nie. Staatsonderwys was vir hom die eerste stap op die pad om die Bybel uit die skool te weer. Die staat sou egter wel in die opleiding vir staatsamptenare en ander vakrigtings voorsien.

Dit is baie belangwekkend om te sien hoe Kruger sy beginsel ten opsigte van die Sondagsrus uitgewerk het. Self het Kruger die Sondae rustig deurgebring en hy sou graag gesien het dat ander mense dit ook sou doen. Hy het egter dikwels met die Volksraad oor die vraag hoe die Sondagsrus afgedwing moes word, gebots. Hy het op die standpunt gestaan dat niemand die vryheid het om die vryheid van 'n ander te beperk nie. Dit het beteken dat die staat wel reëls moes stel vir die Sondagsrus, maar dat hulle daarin nie verder moes gaan as wat nodig was nie. Kruger het geredeneer dat die sabbatsrus van die Ou Testament vandag as Sondagsrus vir die kerk geld. Dit is bedoel vir die kerk en dat mense die kerk nie moet steur nie. Wat elkeen doen, word aan sy gewete oorgelaat, maar die gelowiges mog nie in hul godsdiens gesteur word nie.

Kruger het verklaar dat as die boer sy graan en diere op Sondae mag versorg, dan mag die mynbaas water uit die myn pomp en die transportryer tot goeie weiding en water trek. Dit het gegaan om dit wat God gegee het te bewaar sodat dit Maandag weer gebruik kon word.

Hy sou persoonlik graag gesien het dat iets aan die trein- en poskoetsdienste op Sondae gedoen kon word, maar dit was prakties onmoontlik en ingrepe sou wanorde tot gevolg gehad het. Waar die verontagsaming van absolute Sondagsrus die vryheid en rus van kerkdienste nie in gedrang gebring het nie, het hy dus 'n baie praktiese, selfs pragmatiese standpunt ingeneem.

Ook in ander opsigte was Kruger baie meer progressief as wat dikwels aanvaar word. Hy het

persoonlik nooit drank gebruik nie en het ook op kommando streng teen drankmisbruik opgetree. Maar toe die Volksraad wou besluit dat 'n fabrikant van sterk drank sy fabriek moes sluit, het Kruger daarteen kragtig opgetree. Hy het daarop gewys dat die Volksraad eers toestemming tot die bou van die fabriek gegee het, om die profyt op die investering vir die eienaars nou te verhinder sou nie minder as diefstal wees nie, wat net so goed sonde is as drankmisbruik.

Kruger se nugter standpunt oor sy eie godsdienstige oortuiging kom ook duidelik uit in die feit dat hy uitstekend met ongelowiges soos Leyds, sy regterhand, en bv. Vrymesselaars en Jode oor die weg gekom het en met hulle kon saamwerk. Dit het nie weggeneem dat hy ook teenoor hulle waar dit van pas was 'n getuiende houding ingeneem het.

'n NUWE ZAR

Gedurende die staatspresidentskap van Kruger het die Zuid-Afrikaansche Republiek van 'n homogene Boererepubliek verander in 'n staat waarin waarskynlik meer Uitlanders as ou inwoners gewoon het. Engels is net so veel gehoor as Hollands, gelowiges met hul tradisies begin oorskadu word deur 'n dreigende meerderheid van mense wat - hoewel hulle hulself dalk nog Christene genoem het - 'n baie vryer en onbybelse lewensvisie en -styl aangehang het.

Kruger moes as staatspresident daarmee rekening hou en dit het die uitleg en nalewing van sy Christelike beginsel wel deeglik beïnvloed en gevorm. Dit is opvallend dat hy hierin nie as 'n verstarde konserwatief opgetree het nie, maar dat hy na die werklike wese van sy eie beginsel bly soek het en tewens ook die burgerlike regte en vryhede van andersdenkendes volledig wou respekteer. Hy het nie sonder meer die mag van sy amp misbruik om sy eie visie aan ander mense op te lê nie, in die besonder nie aan hulle wat uit 'n ander tradisie gestam het nie.

Hierdie veranderende samelewing in die ZAR het ook baie invloed gehad op Kruger se tweede staatkundige uitgangspunt.

DIE REPUBLIKEINSE BEGINSEL

"Die volk is koning van hierdie onafhanklike republiek en het die soewereine mag in sy hande." Ja, hierdie suiwer volksoewereine uitspraak is van Paul Kruger. En dit was nie net teorie nie, hy het dit volkome na die letter en die gees nageleef.

In sy opvatting was alle mag in die volk - of die publiek soos hy dikwels gesê het - gesetel. Die volk kies verteenwoordigers en regeerders wat sy wil moet uitvoer. Nie die Volksraad is soewerein nie, en nog minder die president of sy uitvoerende gesag, slegs die volk. Wanneer die regering of 'n volksraadlid 'n wet voorgestel het, moes die konsep gepubliseer word en het die volk drie maande geleentheid gekry om deur middel van memories sy wense bekend te maak. Die volk kon op dieselfde manier self ook wetsvoorstelle indien. Wanneer dit gedoen is, moes dit direk behandel word, want dit was van die volk self afkomstig.

Die volksraadlede moes in so noue kontak met hulle kiesers staan dat hulle na waarheid die stem van die volk kon vertolk. Dit was nie van belang wat die verteenwoordiger in sy eie wysheid gedink het goed en reg is nie. Daar is talle voorbeelde dat Kruger self voorstander van sekere wette was, maar dat hy hom fel daarteen verset het wanneer geblyk het dat die volk dit verwerp het. Dit was bv. die geval toe voorgestel is om 'n soort minister van finansies aan te stel en in 'n ander geval om 'n departement van landbou te stig. Kruger het die sake ondersteun, maar van mening verander toe daar baie besware van die volk ingekom het.

Dit is duidelik dat hierdie opvatting baie stremmend op die ontwikkeling van die land kan werk. Dit was dan ook die plig van die volksraadlede om hulle kiesers te oortuig van die wysheid van die voorstelle. Dat Kruger soveel betekenis aan die mening van die volk geheg het, hang saam met sy oortuiging dat God self deur middel daarvan regeer. So het Kruger dit gestel: "Die egte republikeinse beginsel is dat die volk die koningstem het en hierdie vrye stem is God se stem." Hoewel daar oppervlakkig gesien in Kruger se staatsopvatting 'n groot stuk Franse rewolusiegees skuil, gee hy self 'n ander begronding vir sy opvattings. Dit neem natuurlik nie weg dat die sterk Patriotiese beweging van die Oos-Kaap se mense in die laat agtiende eeu, duidelik spore nagelaat het. Die gesag van die volk het sover gegaan dat die Volksraad, op gesag van memories van die volk, van die een dag op die ander wette kon verander. Jarelank was daar geen grondwet waarin fundamentele regte en pligte vasgelê was nie en vir 'n konstitusionele hof wat die wette van die land kon kritiseer of selfs onwettig kon verklaar was daar uiteraard heeltemal geen sprake nie. Selfs internasionale afsprake kon op die tog kom staan.

In 'n traktaat met die Vrystaat het die ZAR belowe om geen spoorlyn aan te lê wat die lyn oor Bloemfontein kon benadeel nie. Toe die volk begin vra om 'n spoorlyn na Krugersdorp (met 'n moontlike verbinding na Kimberley), het Kruger gewaarsku dat dit in stryd was met die afspraak met die Vrystaat en dat as die volk sy wens deurvoer, hulle die gevolge daarvan sou moet dra; in plaas daarvan om te stel dat die wens onwettig was. Die volk was self wet en kon dus eintlik nie onwettig wees nie.

Dit is baie interessant om te sien hoe Kruger se formulerings verander soos die bevolking van die ZAR meer gemengd word. In 1880 was daar in feite nog net die ou Trekkers en hulle nasate as inwoners. En hulle kon - ondanks allerlei meningsverskille - as 'n totaliteit gesien en hanteer word. Dit het baie vinnig verander toe die Uitlanders na die ontdekking van goud die land begin binnestroom. Dit het ook onder die volk self tot groot meningsverskil aanleiding gegee: hoe moes die nuwe situasie hanteer word? Kruger begin nou praat dat die Koningstem verteenwoordig word deur die meerderheid van die volk! En later, toe daar as toegewing twee soorte stemreg en twee volksrade ingestel is, praat hy van die meerderheid van die burgers wat volle stemreg het! Sy republikeinse beginsel het dus duidelik slegs betrekking gehad op dié deel van die bevolking wat die ou Trekkers en hulle nasate insluit.

DIE ANGLO-BOEREOORLOG

Dieselfde twee bostaande beginsels het ook Kruger se houding ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog sterk beïnvloed. Die Britse imperialiste was vasbeslote om - so moontlik onder die skyn van reg - 'n anneksasie van die ZAR te bewerk. Die stemregvraagstuk was die speerpunt van hulle aanspraak. Daar was 'n moontlikheid om burgerskap en stemreg van die ZAR te verwerf. Die pad was egter lank en moeilik. En die Volksraad onder aanvoering van Kruger was baie onwillig om die pad eenvoudiger en vinniger te maak. Vir die Krugerparty was stemreg die uitoefening van die soewereiniteit, wat baie meer is as wat ander lande daaronder verstaan het. Slegs as 'n mens hierdie republikeinse beginsel van Kruger in aanmerking neem, kan verstaan word dat 'n oormatige uitbreiding van die stemreg buite die kring van die ou burgers, die ondergang van die staat sou beteken. Selfs as sou die meerderheid van die nuwe burgers vir Kruger as president stem, dit sou geen verskil gemaak het nie. Die burgerskap het baie meer ingehou as stemreg, dit was die setel van die soewereiniteit en dit was vir Kruger ononderhandelbaar die reg van die ou burgers en hul kinders.

Die gevolg van Kruger se houding was inderdaad dat die oorlog uitgebreek het. Dit wil egter nie sê dat hy dit deur 'n toegeefliker houding kon voorkom het nie. Uiteindelik was dit die doel van Brittanje om inderdaad die soewereiniteit oor die ZAR te verwerf, op watter manier ook al. Maar dan blyk dat die oorlog enorme offers in lewe en goed vra, dat geen hulp van buite - waarop stellig gehoop is - kom nie, dat die volk gevaar loop om inderdaad vernietig te word. Waarom het Kruger hom selfs toe vanuit sy ballingskap teen vredesluiting bly verset? Die antwoord op die vraag hang stellig saam met Kruger se eerste staatsbeginsel. In hierdie Christelike beginsel was vir hom persoonlik 'n baie sterk ooreenkoms tussen die Afrikanervolk en die volk Israel in die Ou Testament. Dit was vir Kruger verraad teen God en 'n miskenning van Sy mag, 'n gebrek aan vertroue en geloof, wanneer die beproewings en die strawwende hand van God tot oorgawe sou lei. Veeleer moes die volk hom buk onder die hand van God en hom bekeer en Hom dien, dan sou Hy stellig weer seën en uitredding gee.

Die verskil tussen wat Kruger op grond van sy beginsels nagestreef en verwag het en dit wat werklik gebeur het, het die laaste lewe van sy eensame ballingskap ongetwyfeld baie swaar gemaak. ¤

KERKNUUS

25-jarige ampsjubileum van ds C Kleijn

Met dankbaarheid aan die Here deel die kerkraad van die Vrye Gereformeerde kerk van Pretoria u mee, dat op DV 1 Julie 2004, 25 jaar gelede, ons predikant, Ds C Kleijn, in die amp van herder en leraar bevestig is.

Die kerkraad en gemeente van Pretoria is die Here dankbaar, dat Hy hom die krag gegee het om die werk van herder en leraar in getrouheid te verrig.

Ds Kleijn het die volgende gemeentes bedien as predikant:

Zevenbergen	Nederland
Meppel	Nederland
Legana	Tasmanië
Pretoria	Suid-Afrika

Ons hoop dat die Here hom nog baie jare die gesondheid en krag sal gee om ons kerke in die amp te dien.

Die adres van die jubilaris is:
Fratesweg 775
0084 Rietfontein
PRETORIA
RSA

Tel. +27 (0)12 331 0931
e-pos: ckleynpriv@absamail.co.za

PAUL KRUGER EN DIE GEREFORMEERDE KERK RUSTENBURG

Prof. VE d'Assonville

TEMA: KRUGER EN MANDELA

"Daardie kind sou 'n swerwer word, maar 'n swerwer wat sy spore diep en onuitwisbaar in die bodem van sy vaderland getrap het. Sy lewensweg het deur riviere en oor berge gegaan en ver oor die oseaan na die lande van sy vadere. Sy swerftog het in ballingskap geëindig, maar in sy gang het hy 'n naam nagelaat wat die simbool sou word van die taaie nasionale weerstand van sy volk teen die opdringende Britse imperialisme en van 'n republiekeinse vryheidstrewe..". (D.W. Krüger in sy biografie *Paul Kruger* oor laasgenoemde se geboorte op 10 Oktober 1825.)

VAN HUIS UIT GEREFORMEERD

Teen die begin van die 19de eeu vind ons die huisgesin van Casper Kruger, die vader van *Stephanus Johannes Paulus Kruger* diep in die binneland van die Karoo. Hulle was veeboere en aanhoudende droogtes het hulle telkens verder en verder in die ongerepte wydtes van Afrika gedryf. Hulle was baie ver, met die primitiewe vervoermiddels van destyds, byna oneindig ver van die kerksentrums - ook heeltemal te ver van hulle geestelike en kulturele stamland Nederland. Maar met hulle Statebybel met sy verklarende aantekeninge, die Psalmboek met die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, was hulle eintlik digby die Sinode van Dordrecht (1618-19) - nader as baie gereformeerdes van hulle tyd. Dit was 'n klein bibliotekie wat altyd in die wakis saam met hulle op die trekpad gegaan het. Saam met hierdie twee boeke was daar o.a. ook. enkele geskrifte deur manne van die *Nadere Reformasie* soos Wilhelmus à Brakel se *Redelijke Godsdienst* en ook werke van Hellenbroek en Smijtegelt. Hierdie karige, maar tog Bybelse leesstof, was terselfdertyd die "leerboeke" waaruit die kinders moes lees en skryf. Dit was in kort Paul Kruger se "studiemateriaal" as Voortrekkerkind en jong man in Transvaal. In sy ouerhuis het hy reeds van kleins af die Gereformeerde waarheid ingedrink.

KERKLIKE STRYD IN TRANSVAAL IN 1853

Dit is 'n harde feit dat die enigste destyds bestaande "gereformeerde" kerkverband , nl. die "Nederduitsch Gereformeerde Kerkgenootschap" van die Kaap, die Groot Trek na die binnelande van Suid-Afrika in 1837 veroordeel het. Prakties was die Voortrekkers en hulle nasate wat hulle toe in Transvaal gevestig het, vir jare lank herderloos. Maar onverwags het hulle in 1853 'n predikant van die Hervormde Kerk-

Paul Kruger in die fleur van sy lewe

genootskap in Nederland gekry, proponent Dirk van der Hoff. Die eerste gemeente is toe in Rustenburg gestig. Maar let wel, dit was die *Staatskerk* van die Republiek van Transvaal (ZAR). Paul Kruger was toe 28 jaar oud en hy en sy familie was lidmate van hierdie kerk.

Maar - en dit was die spanning in die gemeente - daar was twee geestesgroepe in die gemeente: die sogenaamde *Doppers* en hulle wat bloot afkerig was van die Kaapse Kerk (NG Kerkgenootskap). Die *Doppers* was die mense wat getrou wou bly aan die *Drie Formuliere van Enigheid* en die *Dordtse Kerkorde*, veral wat betref artikel 69 hiervan; dus alleen *Psalms* en geen vrye Gesange in die erediens nie. Veldkornet Paul Kruger was 'n *Dopper* en hy was van die groep wat geensins gelukkig met die gang van sake in die Staatskerk, die Hervormde Kerk van Transvaal was nie. Spoedig het hy ook in kerklike sake 'n leier geword en het hy die standpunt van die lidmate wat geywer het vir 'n terugkeer na die beginsels van Dordt, verteenwoordig. Die nuus van die Afskeiding in 1834 in Nederland van die Hervormde Kerk weens afwyking van die Gereformeerde Belydenis het hulle bereik en 'n strewe na terugkeer na Skrif en Belydenis het al hoe meer dringend geword.

KRUGER SE STRYD VIR EENHEID VAN DIE KERK

Die jong Paul Kruger - alhoewel hy nie 'n amp in die kerk beklee het nie - was baie gesteld op die *eenheid* van die kerk. Gevolglik het hy in 1855 met sewentien ander lidmate 'n versoek aan die kerkraad van Rustenburg gerig om die onderlinge verdeeldheid in die gemeente te ondersoek (die verdeeldheid tussen die *Doppers* en die anti-Kaapse kerkgesindes). Die anti-Kaapsgesindes het nie veel oor die inrigting van die erediens omgegee nie en ds. Van der Hoff het uit sy Hervormde agtergrond in Nederland ook nie juis vir 'n "Gereformeerde erediens" sonder Gesange met Psalms alleen gevoel nie. Dit is logies dat Van der Hoff afsydig

van die yweraars van die Dordtse Belydenis en Kerkorde gestaan het.

Ons moet goed onthou dat Kruger in sy ywer vir eenheid in die gemeente, terselfdertyd ook ernstig besig was om eenheid tussen politieke groepe rondom die grondwet te besweer. Kerklike sake (omdat dit 'n staatskerk was) is dikwels met staatsbesluite besleg en daar was dus 'n vermenging van belange.

Maar die breuk in die gemeente het al dieper geword. In hierdie tyd kla ouderling *Philippus Snyman* by president M.W. Pretorius dat die gemeente van Rustenburg "nie geleer en bestuur word volgens ons Christelike Geloofsbelydenis wat deur ons Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618/1619 vasgestel is nie" (J.P. Jooste, *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1958*, 1959, p. 45.)

"ZICH LOSSCHEUREN VAN DE HIER BESTAANDE KERK"

By die Algemene Kerkvergadering (sinode) van die Hervormde Staatskerk in 1855, is die saak van Paul Kruger en die sewentien manne te berde gebring. Hier is dit weer ouderling Ph. Snyman wat 'n versoek aan die vergadering rig "om de kerk te herstellen". Sy voorstel het behels dat o.a. die Gesange uit die erediens verwyder moes word of so nie dat toestemming verleen sou word dat die "beswaardes" (die *Doppers*) "zich losscheuren van het bestaande kerk" (dit is die gemeente van Rustenburg) om 'n eie gemeente op te rig. Ds. Van der Hoff sou die predikant bly, maar hy sou die eredienste sonder Gesange waarneem.

Wat was die Algemene Vergadering se antwoord op Snyman se voorstel? Eenvoudig: dit is "onchristelijk"! Hierop het die Vergadering ouderling Snyman vermaan en hy is gelas om liewer "de eenheid in de kerk" te bevorder. En wat sien ons - en dit is van die grootste belang? Lank (drie jaar) voordat ds. Dirk Postma. sou opdaag en niemand nog van hom geweet het nie, is daar 'n strewe vir 'n *vrye gemeente*, maar nog binne die Hervormde staatskerk. (B.Spoelstra, *Die Doppers in Suid-Afrika 1760-1899*, 1963, p. 122)

Dit is van belang om te weet dat die beswaardes baie gevoelig vir *gewetensdwang* was. Hulle self wou ook niemand dwing om die erediens volgens hulle sienswyse in te rig nie. Hulle punt was eenvoudig: Laat die Heilige Skrif en die Belydenis die antwoord gee. Hulle het ook baie ernstig verwag dat die kerkraad, indien hulle standpunt as 'n dwaling beskou is, dit uit die Skrif vir hulle sou aantoon. Dit het egter nie gebeur nie. Maar dan verwag hulle ten minste "om gewetenswil" om 'n afsonderlike vrye gemeente te hê. Ter wille van *eenheid*, moet dit dan binne die "Kirk Staat" (d.i. "staatskerk") wees, soos wat Kruger en sy manne dit in hulle versoek genoem het.

NOG NIE 'n "AFSKEIDING" NIE, MAAR WEL 'n "AFSONDERING"

Veldkornet Paul Kruger was uiters bekommerd oor 'n moontlike skeuring in die Hervormde Kerk in Rustenburg. Ouderling Snyman het in sy reeds gemelde brief aan president Pretorius gemeld van die "tweedrag en dat 'n groot deel van die gemeente, die kerkraad en gemeente bedank het". Ondanks die vorige pogings om eenheid te bewerk, het die "tweedrag" net al hoe groter geword.

Weer eens is dit Paul Kruger wat inisiatief neem. In Augustus 1857 kry hy toestemming van die Hervormde Kerk Rustenburg om by die staat 'n voorstel in te dien waardeur die *beswaardes* 'n eie predikant binne die staatskerk kan beroep. In September 1857 keur die Volksraad van Transvaal dit goed. Wat 'n ingrypende besluit! Baie kerkhistorici besef dit nie: Die beswaarde deel van die Rustenburgse gemeente (die *Doppers*, handhawers van die Dordtse Belydenis) mag hulle eie predikant beroep. (Weer eens: hulle het nog niks van ds. Dirk Postma geweet nie.)

Die besluit van die Volksraad vir die beroeping van 'n eie predikant, het egter bepaalde voorwaardes gehad wat vir Paul Kruger en sy volgelinge heeltemal aanvaarbaar was:

i Die predikant sal *vry* in die "godsdiens hou" wees en sal ooreenkomstig die waardigheid van sy amp en die "instellings van Christus" optree.
ii Die verskillende predikante in die land sal gelyke status hê en daar sal nie 'n "hoofleraar vir die Republiek" wees soos wat gerugte die ronde doen nie.
iii Daar moet 'n "verbinding met die sinode" bestaan sodat moeilikhede tussen 'n predikant en sy gemeente besleg kan word. (Vgl. V.E. d'Assonville, *Gids vir die Kerkgeskiedenis*, p. 220)

Wat is nou in 1857 die werklikheid in die Hervormde Kerk van Rustenburg? Dit is 'n voldonge feit dat daar 'n *Afgesonderde gemeente* volgens die beginsels van die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 binne die Hervormde Staatskerk van Transvaal kan bestaan. Paul Kruger het dit bewerk.

Maar spoedig het daar 'n onverwagte ding in die volgende jaar gebeur: Ds. Dirk Postma van die *Christelike Gereformeerde Kerk* (van die Afskeiding in 1834) het in November 1858 in die land aangekom - meer as 'n jaar nadat daar reeds 'n openlike, erkende, offisiële "Afgesonderde gemeente" in Rustenburg bewerk is.

POSTMA SE KOMS 'n DRAMA

Dit is nodig om die presiese historiese feite van die gebeure met ds. Dirk Postma. se koms na Suid-Afrika agter mekaar te plaas. Onkunde hieroor het alreeds dikwels in boeke die kerkgeskiedenis skeef getrek. Kortliks is dit soos volg:

i In Junie 1857 vergader die **Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk** in Leiden, Nederland. Ouderling **J. van Andel** bring die geestelike nood van die Transvalers onder die aandag en die Sinode

besluit om 'n predikant te beroep vir (let wel!) **"de geestelijke belangen der Transvaalsche Republiek in Zuid-Afrika."** Toe ds. N.H. Dosker die beroep nie opgevolg het nie, is ds. Dirk Postma van Zwolle beroep. Sy opdrag was **"de voorziening in de geestelijke behoeften der Transvaalsche Republiek"**. Dit gaan oor **"het belang van zoo vele stamverwanten"** en om **"de uitbreiding van het Evangelie"** onder die heidene te ondersoek (Vgl. S.P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1953, p. 150.)

ii Van hierdie optrede van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland weet beide, die beswaardes in Rustenburg en die staat met sy voorwaardes vir 'n predikant, **niks**! Ook ds. Postma weet **niks** van die verdeeldheid wat daar alreeds jare lank in die gemeente van Rustenburg bestaan nie.

iii Die **Lasbrief** van die Christelike Gereformeerde Kerk aan ds. Postma is baie belangrik. Ten eerste is dit aan die **regering van Transvaal** gerig. Ten tweede word daarin niks van **sending** gemeld nie. (Vir die presiese teks, kyk Engelbrecht, a.w. p. 152.)

iv Wanneer die **Transvaalse regering** verneem dat ds. Postma op pad is, besluit hulle dat hy na die beswaarde deel van die gemeente van Rustenburg moet gaan, nadat hulle hom volgens die ooreenkoms wat deur Paul Kruger bewerk is, ondersoek het.

Wat hier gebeur het, is dat die saak van die *Christelike Gereformeerde Kerk* van Nederland wat direk aan die owerheid van Transvaal gerig was, na één plaaslike gemeente , nl. Rustenburg verwys is en nie na die ander (bv. Potchefstroom) nie. Die relatief klein groepie (in verhouding met die hele Transvaal) moet nou vir die staat besluite neem, wat dan ook spoedig gebeur. Behalwe die staat se voorwaardes, kom hier 'n nuwe stel vereistes vir ds. Postma.

VOORWAARDES DEUR DIE KERKRAAD VAN RUSTENBURG AAN DS. POSTMA GESTEL:

i Die leraar wat as afgevaardigde kom, moet hom aan die land se grondwet onderwerp en bepaaldelik aan artikels, 9, 20 en 23 (Grondwet, ZAR).

ii Hy sal sy dienswerk in die gemeente nie mag aanvaar nie voor en aleer hy verskyn het voor 'n Algemene Kerkvergadering uit die onderskeie gemeentes van die Z.A. Republiek, wat geregtig sal wees om genoemde leraar in die stuk van die geloofsbelydenis te ondersoek.

Die ou Gereformeerde Kerk in Kerkstraat, Pretoria, oorkant Kruger se huis

iii Die voorstanders en borge (d.w.s. Paul Kruger en die beswaardes) sal sorg dra dat genoemde leraar op hulle koste van Natal gehaal word, en ingeval sy eerwaarde nie aan die verlangde vereistes aan die voorstanders beantwoord nie, sal hulle verplig wees om genoemde leraar, as hy dit verkies, weer kosteloos terug te bring na die plek vanwaar hy afgehaal is (Jooste, a.w., p.47).

Wat is in hierdie voorwaardes van die kerkraad opvallend? Dit is dat daar geen woord oor die Gesange gepraat word nie. Net so opvallend is dit dat bepaalde artikels van die staat se grondwet hier deur die kerk bygesleep word - art. 9 wat die verhouding in kerk en staat handhaaf, art. 20 wat die Hervormde Kerk as die enigste staatskerk handhaaf en art. 23 wat die Hervormde Kerk as die enigste kerk van die volk handhaaf (dus 'n **volkskerk**).

Spoelstra (a.w., p. 113) som die situasie soos volg op: "Ds. Postma dink dus hy is 'n gesant namens sy sinode by die regering van Transvaal maar die Transvaalse owerhede dink hy is 'n predikant vir die beswaarde gemeente in Rustenburg. So het die kerklike en politieke owerhede in beginsel al die afskeiding aanvaar voordat 'n woord met ds. Postma gepraat is." Eintlik was dit 'n belediging vir die *Christelike Gereformeerde Kerk* in Nederland dat die staatsowerheid hulle saak nie self behandel het nie maar dit na 'n partikuliere kerkraad verwys het wat weer op hulle beurt eie voorwaardes vir ds. Postma opgestel het (a.w., p. 135).

PAUL KRUGER EN SY MANNE GAAN HAAL POSTMA IN NATAL

Nadat die kerkraad van Rustenburg aan Paul Kruger en sy volgelinge toestemming gegee het om ds. Postma in Natal te gaan haal, het die beswaardes aan die werk gespring. S.J. Kruger, Ph. Snyman en Paul Kruger het as die genoemde borge in die kerkraad se voorwaardes opgetree. Hulle kom toe ooreen dat Douw Kruger (Paul se broer) en Ph. Snyman die lang reis van weke na Durban per ossewa sou aflê om Postma te gaan haal. Teen 9 November 1858 is hulle met die nuwe leraar terug in Rustenburg.

Baie gou het Postma die spanning tussen twee partye in die gemeente agtergekom. Terwyl die één groep vol verwagting is dat hulle nou eindelik 'n predikant het wat nie die Gesange in die erediens sal laat sing nie, probeer die ander groep om hom om te haal om dit wel te doen. Met 'n skok kom ds. Postma

agter “dat het hier op het punt van een scheuring stond”. (Postma in sy *Journaal* op 4 Desember 1858).

DS. VAN DER HOFF SE OPTREDE OP DIE KERKVERGADERING

As die Algemene Vergadering van die Hervormde staatskerk op 10 Januarie 1859 in Pretoria saamkom, was dit sy eintlike taak op die agenda om vas te stel of ds. Dirk Postma van die *Christelike Gereformeerde Kerk* van Nederland aan die staat se grondwet en die beginsels van die *Dordtse Sinode van 1618-19* beantwoord. Niks meer nie.

Het ds. Van der Hoff (die enigste predikant) ander idees in sy kop gehad? Hy bring die *Gesangekwessie* wat glad nie op die agenda was nie op die tafel. Dit was buite orde, want hierdie saak was reeds drie jaar vantevore afgehandel toe die staat Paul Kruger se voorstel aanvaar het (vgl. punt i van die staat se voorwaardes in Augustus 1855 hierbo). Was dit ‘n diplomatiese maneuver om die predikant van die *Christelike Gereformeerde Kerk* van Nederland, ‘n kerk met wie hy aldaar oorhoops was, heeltemal van die gemeente van Rustenburg en ook die ander gemeentes in Transvaal te isoleer? Spoelstra sê: “Hy (Van der Hoff) laat Postma in die slagyster trap. Hy roep hom daarmee weg van die vir hom gevaarlike terrein van kerk en staat, en hy dwing Postma op die verdediging op ‘n slagveld wat hy sorgvuldig gekies het” (a.w., p. 139). Nietemin, in die hele ondersoek van Postma is die *Gesangkwessie* só op die spits gedryf sodat “Gesange feitlik tot ‘n Belydenisskrif verhef is. Vir die Algemene Vergadering was dit só belangrik dat daaroor ‘n dwingende besluit geneem is, nl. dat ‘de kerklike inrigting, zooals die thans hier bestaat met hare evangelische gezangen, zal blijven bestaan en gehandhaafd worden’ (Spoelstra, a.w., p. 140).

Oor die koppe van die *Doppers* was dit niks anders as ‘n harde gewetensdwang nie. Maar dis nie al nie: Hier het ‘n sinode ‘n afskeiding van ‘n gemeente afgedwing. Wat nog ‘n “afgesonderde” gemeente binne die staatskerk was (Paul Kruger se voorstel), is deur één enkele besluit heeltemal losgemaak. Prof. S.P. Engelbrecht (geskiedskrywer van die Hervormde Kerk) sê self dat ná hierdie besluit **eenheid onmoontlik geword het** (a.w., p. 158).

PAUL KRUGER EN NOG VEERTIEN MAN STAP UIT!

Vir die beswaardes van Rustenburg was die deur nou finaal gesluit. Die geskiedenis van die *Doppers* se probleme in die Kaapse NGK het hom in Rustenburg met die Hervormde Staatskerk herhaal: Net soos die *Ring van Graaff-Reinet* in 1841 en die *Kaapse Sinode* van 1847, is die Gesange **sonder** die toets van die Bybel en die Gereformeerde Belydenis op die beswaardes afgedwing. Dit was **gewetensdwang**. Die vraag was nie meer, wat sê God se Woord nie, maar wat sê die meeste stemme? Presies soos wat die **kollegialisme** dinge doen.

Hulle was vyftien manne wat onmiddellik ná die Algemene Vergadering ‘n buitengewone stap geneem het. Hulle kon nie anders nie. Genoeg was genoeg. Saam met Paul Kruger was daar ook die bekende prominente stryders vir die Gereformeerde Belydenis soos P.J.W. Schutte van Potchefstroom, Ph. Snyman en S.J. Kruger, die ou Colesberger wat alreeds in Kaapland dieselfde stryd teen vrysinnigheid gevoer het. Hierdie vyftien man het toe die Algemene Vergadering in kennis gestel dat hulle uit die Hervormde Staatskerk tree en “‘n Vrye Gereformeerde Kerk ooreenkomstig **leer, diens** en **tug** van die vaders” gaan stig.

Die stigting van die Gerformeerde Kerk Rustenburg het toe op 11 Februarie 1859 plaasgevind. Dit was ‘n gemeente van meer as 300 volwassenes en 500 kinders - 800 mense onder die skaduwees van reuse seringbome. Toe is ds. Dirk Postma as hulle predikant beroep.

Die nuus het soos ‘n veldbrand oor die hele land versprei en spoedig is meer gemeentes ooreenkomstig die Dordtse Belydenis en Kerkorde, gestig. So het die *Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* tot stand gekom.

DIT WAS NOG NET DIE PUNT VAN DIE YSBERG

In die 19de eeu het afskeidings van Gereformeerde kerke in verskillende lande meestal ‘n gemeenskaplike patroon. Ons vind dit by die Afskeiding van 1834 onder leiding van Hendrik de Kock, die Skeuring (Disruption) van die Skotse kerk in 1843 onder leiding van Thomas Chalmers en die Doleansie van 1886 onder leiding van Abraham Kuyper. In al hierdie gevalle was dit ‘n verset teen die staat se kerkregering en die vrysinnigheid, weg van die Gereformeerde Belydenis. In al hierdie skeurings het die Psalmboek in die sentrum gestaan.

Maar die stryd oor die Psalmboek, was maar nog net die punt van die ysberg wat bokant die water uitgesteek het. Die grootste deel van die reformasie moes nog uitgevoer word. Dit is opmerklik dat die nuwe gemeentes dadelik weer die Dordtse Kerkorde in plaas van die bestaande “Kerkwet” ingevoer het. Alles moes weer “gereformeerd” word: die prediking, die erediens, die katkisasies, die Christelike onderwys, ens.

En Paul Kruger? Tot met sy dood het hy getrou aan sy Gereformeerde Belydenis gebly. Met sy gemeente het hy ten spyte van ‘n besige lewe as president, innig meegeleef, met gemeentevergaderings ook sy sienswyses meegedeel en elke erediens waar hy kon, besoek. Die stoele waarop hy en sy vrou in die tyd van sy presidentskap in die eredienste gesit het, staan vandag nog in die “Paul Kruger kerkgebou” in Kerkstraat, Pretoria. ¤

KRUGER BIOGRAFIE

Ineke Roose

TEMA: KRUGER EN MANDELA

Paul Kruger is 'n naam wat aan almal van ons bekend is. Waarskynlik sal die meeste van u ook sy gesig op 'n foto herken. Dit is egter minder bekend hoe hierdie man van 'n eenvoudige herkoms verrys het tot die geliefde volksleier wat beskou word as een van die grootste Afrikaners van alle tye.

PAUL KRUGER SE JEUG

Stefanus Johannes Paulus Kruger was die derde van sewe kinders uit 'n ou Afrikaanse geslag waarvan die stamvader, Jacob Krüger, alreeds in 1713 uit Berlyn as soldaat in diens van die VOC in die Kaap aangekom het. Kruger se ouers was trekboere in die distrik Graaff-Reinet en hy is op 10 Oktober 1825 op sy oupa se plaas, Bulhoek, in die Steynsburg-distrik gebore. Van sy ouers het Kruger 'n baie tradisionele Calvinistiese opvoeding gekry met 'n sterk Ou-Testamentiese inslag. Dit het later 'n groot invloed op sy politiek gehad. Kruger het slegs drie maande formele skoolonderrig ontvang, maar hy kon darem redelik goed lees en skryf.

In 1838 het die Krugergesin Voortrekkers geword en het hulle saam met die Potgietertrek oor die Vaalrivier getrek waar hulle hul vir 'n aantal jare gevestig het. In 1842 is Kruger getroud met Maria du Plessis. Hulle het op sy plaas Waterkloof gewoon tot Mei 1845, toe hulle met die Potgietertrek verder getrek het tot in Oos-Transvaal. In die begin van die volgende jaar is Kruger se vrou egter oorlede en trek hy terug na sy plaas Waterkloof. 'n Jaar later, in 1847, het hy met Gezina du Plessis, 'n niggie van sy eerste vrou, getrou. Uit hierdie huwelik is daar nege seuns en sewe dogters gebore van wie sommige jonk oorlede is.

KRUGER VERRYS TOT LEIER

Reeds op 'n baie jong ouderdom het Kruger se sterk leiers-eienskappe vorendag gekom en dit is al gou in die beperkte kringe van die Voortrekkers opgemerk. Op sewentienjarige leeftyd is Kruger as assistent-veldkornet aangestel en in 1851 as veldkornet van sy wyk. In die jong republiek was daar nog geen sterk sentrale owerheid nie; daarom was die veldkornet die administratiewe en meestal ook die regsprekende amptenaar en die militêre aanvoerder. Dit was dus uitsonderlik dat iemand op so 'n jong ouderdom soos Kruger alreeds in 'n belangrike posisie as veldkornet aangestel is.

Aanvanklik het Kruger slegs 'n militêre posisie gehad, maar hy openbaar reeds vroeg ook sy belangstelling in die politiek. As veldkornet was Kruger deel van die krygsraad wat in 1851 die proses begin het om met die Britse owerheid te onderhandel oor die erkenning van die onafhanklikheid van die Voortrekkers. Hierdie onderhandelings het uitgeloop op die Sandrivierkonvensie van 1952 waar die Transvaal onafhanklikheid verwerf het. Nadat die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1853 tot stand gekom het, het dit Kruger se lewensideaal geword om hierdie vryheid van sy volk te beskerm.

Die Kruger Museum in Kerkstraat, Pretoria

Kruger begin al meer aan staatsake deelneem. In 1855 is hy aangestel as lid van 'n kommissie wat die grondwet opgestel het. Tydens die vroeë 1860's was daar baie onrus in die nuwe Republiek, wat met tye tot 'n openlike burgeroorlog oorgegaan het. In 1863 is Kruger as kommandant-generaal verkies en het hy 'n groot rol gespeel tydens hierdie onrustige jare. Die burgeroorlog is in 1864 beëindig nadat Kruger met sy 'staatsleër' vir kommandant J.W. Viljoen en sy 'volksleër' verslaan het. Verder moes hy ook nog gereeld op kommando gaan teen die swart volke wat van tyd tot tyd in opstand gekom het teen die blanke oorheersing.

In 1871 is daar weer 'n presidentsverkiesing gehou en is T. F. Burgers as die tweede ZAR-president verkies. Kruger was egter een van die eerste lede van die nuutgevormde Gereformeerde Kerk en het Burgers se teologiese beskouings as te liberaal beskou. Kruger kon nie goed met Burgers saamwerk nie en het stadig maar seker uit die openbare lewe teruggetrek. Hy is in Mei 1873 op eie versoek onthef van sy posisie as kommandant-generaal. Teen die einde van 1874 het Kruger weer by die politiek betrokke geraak en vir die volgende presidentsverkiesing in 1877 het Kruger weer soveel aansien geniet dat hy as kandidaat aangestel is.

Alhoewel Burgers se ondersteuners Kruger bespot het en as agterlik beskryf het, het Kruger 'n groot kans gestaan om as president verkies te word, omdat hy die steun van die konserwatiewes gehad het. Voordat die verkiesing kon plaasvind, is die Republiek egter deur die Britte geannekseer en het die Transvaal haar onafhanklikheid verloor.

VERSET TEEN DIE BRITTE

Reeds in 1875 was daar al sprake dat die Britte 'n federasie in Suid-Afrika wil stig. Die anneksering van die Transvaal was 'n

stap in die rigting om dit te verwesenlik. Kruger het egter 'n sterk standpunt ingeneem teen die federasieplan en het hom beywer vir die behoud van die Transvaalse onafhanklikheid op 'n vreedsame wyse. Kruger word deur die regering aangestel om met die Britte te onderhandel om die Transvaalse onafhanklikheid te behou.

Na jare van mislukte onderhandelings het Kruger en die ander Boereleiers tot die besef gekom dat geweld die enigste opsie was wat oorgebly het om hul onafhanklikheid terug te wen. 'n Volksbyeenkoms is in Desember 1880 gehou en op hierdie vergadering is die volksraad weer bymekaargeroep en is die regering in die hande geplaas van drie mense: Kruger, P.J. Joubert en M.W. Pretorius. Dit was feitlik 'n oorlogsverklaring aan die Britte en was die begin van die oorlog wat later as die Eerste Vryheidsoorlog bekend gestaan het. Alhoewel die Britte nederlaag na nederlaag gely het, het Kruger aangehou om met onderhandelings 'n oplossing te probeer bereik, omdat hy besef het dat die Boere op die lange duur nie opgewasse is teen die militêre mag van Brittanje nie. Die onderhandelings het die grondslag geword van die wapenstilstandonderhandelinge in Maart 1881, wat gelei het tot die Pretoria-konvensie van Augustus 1881. Met dié konvensie is die oorlog beëindig en is die Republiek weer tot 'n mate herstel. Alhoewel die Republiek se onafhanklikheid nou beperk is, is daar in 1882 – vir die eerste keer in 10 jaar – 'n presidentsverskiesing gehou waar Kruger met 'n groot meerderheid tot president verkies is.

KRUGER AS PRESIDENT VAN DIE ZAR

Direk nadat Kruger tot president gekies is, het hy te werk gegaan om die bepalings van die Pretoria-konvensie van 1881 te hersien. Kruger het daarop aangedring dat die Transvaal weer ten volle onafhanklik word. In 1883 vertrek hy weer na Engeland om met die Britse regering te onderhandel. Die onderhandelings het gelei tot die London-konvensie van 1884 waarvolgens die Republiek veel meer onafhanklikheid ontvang het. Ná die besoek aan Engeland het die deputasie verder gereis na Europa, waar hulle baie lande besoek het en oral met geesdrif ontvang is.

Ten spyte van die oorwinning wat Kruger in Engeland behaal het, was daar nog 'n groter probleem wat vir hom voorgelê het. Die republiek was ná die oorlog in 'n ekonomiese krisis gedompel en Kruger was oortuig daarvan dat die ZAR slegs ekonomies onafhanklik kan word as die beplande spoorlyn na Lourenço Marques (Maputo) voltooi kan word. Die ekonomiese probleme het egter in 1886 verdwyn met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand. Hierdie ekonomiese oplewing het Kruger ook die kans gegee om die Nederlansch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM) op te rig, wat verantwoordelik was om die spoorlyn na Lourenço Marques aan te lê. Die ontdekking van goud het egter ook veroorsaak dat duisende vreemdelinge (Uitlanders) hulle in die Republiek kom vestig het, wat verreikende politieke gevolge gehad het.

In 1888 is Kruger vir die tweede maal met 'n groot meerderheid tot president verkies. In sy tweede termyn as president is Kruger toenemend gekritiseer, veral deur die Uitlanders wat ontevrede was oor die streng voorwaardes om aan die politiek te kon deelneem. Dit was egter nie net die Uitlanders wat Kruger gekritiseer het nie – ook in sy eie volksraad het die teenstand teen Kruger toegeneem. Hy word beskuldig dat hy outokraties optree en veral sy sogenaamde "Hollander-beleid" word gekritiseer. Ten opsigte van die "Hollander-beleid" was dit veral die bevoorregting van die NZASM en die aanstelling van Hollanders in die staatsdiens wat die Boereleiers gegrief het. Met die presidentsverkiesing van 1893 het dit baie duidelik geword hoe Kruger se gewildheid afgeneem het deurdat hy slegs daarin kon slaag om die verkiesing met enkele stemme te wen.

In sy derde termyn as president het Kruger weer begin steun wen. Een van die hoogtepunte in sy loopbaan was waarskynlik die voltooiing van die spoorlyne na Kaapstad in 1892 en na Lourenço Marques in 1894. Die voltooiing van die spoorlyne het die ekonomiese selfstandigheid van die Republiek bevorder, maar die Uitlanderkwessie was steeds nie opgelos nie. Cecil John Rhodes, eerste minister van die Kaapkolonie, het ook dié nuwe verwikkeling in die Transvaal as 'n bedreiging vir sy Britse eenheidsideaal gesien en het die groeiende teenstand van die Uitlanders gebruik om te probeer om die regering van die ZAR omver te gooi. Dít het gelei tot die sogenaamde "Jameson-inval", wat misluk het en 'n groot verleentheid was vir Rhodes en Brittanje. Deur Kruger se diplomatieke hantering van die Jameson-invalkwessie dwing hy respek van sy teenstanders af en het hy die steun van die volk teruggewen.

Die verhouding met Brittanje word egter steeds ernstiger, veral nadat die nuwe hoëkommissaris, Sir Alfred Milner, in 1897 na Suid-Afrika gestuur is. Milner was vasbeslote om in die Transvaal in te meng en het die Uitlanderkwessie gebruik om die ZAR-regering tot toegewings te dwing. Ná die Jameson-inval het Kruger die toenemende aggressiewe houding van die Britte opgemerk en het hy persoonlik toegesien dat die bewapening van die Republiek gemoderniseer word. Ook is die politieke bande met die Oranje-Vrystaat (OVS) verstewig.

Met die presidentsverkiesing van 1898 is Kruger weereens met 'n groot meerderheid tot president verkies en het hy begin aan sy vierde en laaste termyn van sy presidentskap. Kruger en Milner het toenemend vasgesit oor die Uitlanderkwessie en die houding van die Britte het meer en meer aggressief geword. Ná 'n mislukte konferensie in Bloemfontein in Junie 1898 oor stemreg aan die Uitlanders, het dit vir die Boereleiers duidelik geword dat oorlog onafwendbaar was. Kruger en die ander leiers het besef dat dit beter sou wees om die inisiatief te neem en aan te val as dit tot 'n oorlog moes kom. Met die goedkeuring van die OVS het

die Boereleiers daarom op 9 Oktober 1899 'n ultimatum aan Groot-Brittanje gerig wat nie deur die Britte nagekom is nie. Daarop breek die Anglo-Boereoorlog twee dae later uit.

KRUGER SE LAASTE JARE

Tydens die eerste paar maande van die oorlog het Kruger nog 'n aktiewe rol gespeel deur die manne in die veld te gaan aanmoedig. Teen Mei 1900 het die Britse magte so ver noord gevorder dat Pretoria enige tyd ingeneem kon word. Op 7 Mei is die laaste volksraad gehou en op 29 Mei het Kruger sy regering tydelik na Machadodorp verskuif. Ná Augustus 1900 het dit egter duidelik geword dat die regering te velde moes trek om nie gevang te word nie. Kruger was egter te oud om in die veld te woon en daarom is daar besluit om hom na Europa te stuur waar hy die saak vir die Boere kon bevorder. Kruger het met die trein tot in Lourenço Marques gereis waarna hy op 'n skip, wat deur koningin Wilhelmina van Nederland gestuur is, na Europa gevaar het. Kruger het 'n reis deur Europa gemaak waarna hy hom in Nederland gevestig het tot die einde van die oorlog. Dit was in Nederland dat Kruger die slegte nuus ontvang het van die dood van sy vrou in Julie 1901 en later ook die teleurstellende nuus dat die Boere oorgegee het in Mei 1902.

Na die oorlog was dit vir Kruger nie meer moontlik om terug te keer na sy geliefde land nie en het hy in Nederland en Frankryk gewoon. In Junie 1904 het Kruger saam met enkele van sy familielede na Clarens, Switserland, verhuis waar hy op 14 Julie 1904 oorlede is. Sy stoflike oorskot is tydelik in Den Haag ondergebring, waarna dit per skip en trein na Pretoria vervoer is. Paul Kruger is op 16 Desember 1904 in die Ou Kerkhof begrawe en 'n groot menigte het die begrafnis bygewoon om hulle laaste eer aan hul volksleier te bewys.

Bron: J.W. De Kock (red). 1968. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel I, (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing) Johannesburg. ¤

NELSON MANDELA AS STAATSMAN

W. Spies

TEMA: KRUGER EN MANDELA

Dis 18 Julie 1976. Nelson Mandela word 58 jaar oud en sit in die tronk op Robbeneiland met geen vooruitsig op vrylating nie. Skaars 'n maand tevore het die SA Polisie 'n opstand van skoolkinders in Soweto met geweld onderdruk en verskeie kinders en jongmense is beseer of gedood. Sy tuisland, Transkei, waar sy pa, Henry Mandela, hoofman van die Tembu-stam was, het die Nasionale regering se aanbod aanvaar om as deel van die afsonderlike ontwikkelingsprogram, onafhanklikheid te aanvaar en sy eie neef Kaizer Matanzima word die eerste staatshoof van die pasgestigte Republiek van Transkei.

Toe Nelson Mandela twaalf jaar tevore op 46-jarige leeftyd skuldig bevind is aan hoogverraad en die doodstraf in die gesig gestaar het, het hy in sy slotbetoog vanuit die beskuldigdebank die hof soos volg toegespreek:

> *"Gedurende my leeftyd het ek myself toegewy aan die stryd van die mense van Afrika (African people). Ek het geveg teen wit oorheersing, ek het geveg teen swart oorheersing. Ek het die ideaal gekoester van 'n demokratiese en vrye samelewing waarin alle mense in harmonie en met gelyke geleenthede saamleef. Dis 'n ideaal waarvoor ek hoop om te leef en te verwesenlik. Maar, indien nodig, 'n ideaal waarvoor ek bereid is om te sterf*."

Sy tweede naam, Rolihlahla, beteken "moeilikheidmaker" en die Nasionale regering van destyds het hom waarskynlik ook so beskou. Die Nasionale Party was oortuig dat die meeste swart mense in Suid-Afrika die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling gesteun het. Die opstande by Sharpeville, Langa en later in Soweto is as geïsoleerde voorvalle gesien en boonop het die Nasionale Party in elke verkiesing van krag tot krag gegaan. In die algemene verkiesing van 1977 – 'n jaar na die Soweto-onluste –- het die Nasionale Party sy grootste oorwinning ooit behaal en die vooruitsigte vir Mandela om sy ideale te verwesenlik was waarskynlik valer as Kaapse wintermisreën oor die see rondom Robbeneiland.

Min het Mandela op daardie stadium geweet dat slegs 18 jaar later, sy ideale werklikheid sou word.

TWEE BOTSENDE DROME

Nelson Mandela was bestem om sy pa as hoofman van die Tembu-stam op te volg, maar die jong Mandela het wyer horisonne gesoek. Hy is eers na die Universiteit van Fort Hare en daarna na die Universiteit van die Witwatersrand waar hy regte studeer het. In 1944 sluit hy by die ANC aan en raak hy betrokke by die stryd teen segregasie (rasseskeiding) soos dit toe reeds in Suid-Afrika bestaan het.

Na die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 word segregasie deur die apartheidsbestel tot in die fynste besonderheid gereguleer. Onder Dr HF Verwoerd word die beleid van apartheid in 'n

nuwe breër konteks geplaas, naamlik van gelyke maar afsonderlike ontwikkeling. Die beleid het onder meer behels dat gebiedsowerhede ingestel sou word vir die stamgebiede van swart taalgroepe.

Transkei was een van die eerste gebiede wat besluit het om te vra vir die instelling van ‘n gebiedsowerheid. Verwoerd spreek op 7 Mei 1957 die opening van die gebiedsowerheid toe terwyl Nelson Mandela se familielede waarskynlik self in die gehoor sit. Verwoerd sê onder meer:

> “*Wanneer die Transkeise Gebiedsowerhede oor groter dinge dink, moet dit wees oor hoe om al die ander owerhede goed te laat werk, en oor hoe hulle kan help dat daar ook vrede en rus kan wees. Hulle moet dink oor hulle kinders wat daar ver is en hulle moet hulle hande uitstrek om hulle vas te hou dat hulle nie verlore gaan vir hulle eie tuisland nie. Hulle moenie hulle met politieke agitasie besig hou nie …”*

Maar Mandela - op daardie stadium 38 jaar oud en ‘n prokureur in Johannesburg – was toe reeds volgens Verwoerd se definisie “verlore vir die tuisland”. Verwoerd het Suid-Afrika as “die vrugteboom van die witman” beskou. Deur aparte ontwikkeling wou hy ook aan swart taalgroepe “vrugtebome van hulle eie” laat groei. Mandela het egter Suid-Afrika beskou as die eiendom van almal wat daarin woon, ongeag ras of taal. Die drome van Verwoerd en dié van Mandela was te uiteenlopend.

Reeds twee jaar voor die instelling van ‘n gebiedsowerheid vir Transkei, het 2 888 mense by Kliptown, Johannesburg byeengekom en die nou bekende Vryheidsmanifes aanvaar. Die aanhef daarvan lui dat Suid-Afrika aan almal wat daarin woon behoort, swart en wit, en dat geen regering regmatig gesag daaroor kan opeis indien dit nie gebaseer is op die wil van al die mense nie …

Hoewel die beleid van afsonderlike ontwikkeling of *groot* apartheid inderdaad vir baie ontwikkeling, behuisingskemas en werkgeleenthede in die swart gemeenskap gesorg het, het die wrede werklikhede van *klein* apartheid waarskynlik harder gespreek. Streng paswette wat dikwels hardvogtig en onoordeelkundig deur gewone polisiemanne op die strate toegepas is, afsonderlike geriewe wat nie op dieselfde standaard was as sogenaamde wit geriewe nie, voorkeurbehandeling aan blankes in poskantoortoue, en gereelde voorvalle van vernedering van ouer swart mense voor hulle kinders - om maar ‘n paar te noem - het die voordele van afsonderlike ontwikkeling eenvoudig in die skadu gestel.

En daarom kon die droom van Mandela oor die langer termyn nie anders as om te seëvier nie.

STAATSMANSKAP

Die HAT-definisie van ‘n staatsman is bloot iemand wat ‘n leidende posisie in die regering van ‘n staat beklee en veral een wat ervare is in staatsake. Die populêre definisie van ‘n staatsman hou egter meer in. Daar word dikwels onderskei tussen ‘n politikus en ‘n staatsman deurdat die staatsman in staat is om uit te styg bo die verdelingslyne van die partypolitiek en as ‘t ware ‘n verenigende rol in die staat as geheel speel.

Die Bybelse maatstaf vir ‘n vors, koning of dan staatsman is egter heel anders. Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dat God owerhede daarstel weens die verdorwenheid van die menslike geslag om toe sien dat alles ordelik verloop en dat die owerhede daarom die swaard verkry het om kwaaddoeners te bestraf, deugsames te beskerm, valse godsdiens en afgodery uit te roei, die ryk van die Antichris uit te roei en die Koninkryk van Christus te bevorder.

Om dus die staatsmanskap van Nelson Mandela te beoordeel bring mens telkens by ‘n ander uitslag afhangende van die toets wat aangelê word.

Mandela slaag die woordeboek en populêre definisie van ‘n staatsman met vlieënde vaandels deurdat hy in sy vyf jaar as president, Suid-Afrika in die internasionale arena ingelei het as ‘n waardige rolspeler. Hy het vir sy onervarenheid met staatsake gekompenseer met ‘n persoonlikheid, charisma en sin vir humor wat eenvoudig ongekend is in die wêreld daarbuite. Maar daar was ook laagtepunte:

- Sy vriendskap met mense soos Fidel Castro en Moammar Gadaffi.
- Die verbreking van plegtige beloftes aan die Inkatha Vryheidsparty voor die 1994-verkiesing oor die kwessie van internasionale bemiddeling oor federalisme.
- Die nie-nakoming van ondernemings teenoor Afrikanerleiers oor selfbeskikking vir Afrikaners oor sekere sake.
- Sy inmenging met die regsproses tydens die bedrog- en diefstalverhoor van dr Alan Boesak.
- Sy blindheid vir die foute van die destydse minister van gesondheid, dr Nkosazana Zuma.

Met ‘n reeks van simboliese gebare wat wissel van sy optrede in die nommer 6 trui op Ellispark tydens die Rugby Wêreldbekersege tot sy persoonlike besoek aan mevrou Betsie Verwoerd in Orania, het hy egter daarin geslaag om die mense van Suid-Afrika te oortuig dat hy verbind is tot nasionale versoening en die gemeenskappe van Suid-Afrika wil verenig.

Die vraag of Mandela die Bybelse opdrag aan vorste en owerhede nagekom het is egter minder eenvoudig. Mandela het wel ‘n lewende voorbeeld geword van verskeie Christelike eienskappe soos nederigheid, geduld, vriendelikheid, medemenslikheid en vergewensgesindheid. Maar in sy regeringstyd is aborsie gewettig, ‘n onderwysbestel begin invoer wat alle godsdienste gelykstel en ‘n grondwetlike bestel gevestig wat die handhawing van orde bemoeilik eerder as vergemaklik. In die verband is die eise van die Woord dus geïgnoreer.

NABETRAGTING

Vandag na tien jaar van demokrasie, wat ingelui is met die president-

skap van Mandela, staan sy opvolgers voor verskeie uitdagings. Net soos die NP van ouds, vaar die ANC met elke verkiesing beter en lyk dit asof die party vir lank nog baie stewig in die saal gaan wees. Verder is die ANC (soos die NP destyds) daartoe verbind om die omstandighede van die mense wat hom in die regering gestel het te verbeter en hy doen dit met al die middele tot sy beskikking. Nogtans bestaan daar 'n sterk gevoel van vervreemding onder minderheidsgroepe in die land. Mandela se droom het wel waar geword maar minderhede ervaar tans dat wit oorheersing bloot vervang is met swart oorheersing. Mandela is 'n voorbeeld van iemand wat bly glo het in sy drome - selfs toe die vooruitsigte op sukses daarvan skraal gelyk het en daarvoor word hy gerespekteer.

Mag die goeie voorbeelde wat Mandela gestel het, wel nagevolg word maar laat ons nooit in die wêreldse gebruik verval om mense te vereer en die oog van Christus, ons enigste volmaakte voorbeeld, af te haal nie. ¤

MANDELA – 'n MAGSTRYD[1]

A Roos

TEMA: KRUGER EN MANDELA



Elke land se geskiedenis ken sy keerpunte, naamlik daardie gebeurtenisse wat die verloop van die geskiedenis 'n ander rigting gee.

Een van die keerpunte was die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 waar die geskiedenis van die blanke Afrikaner begin het. 'n Ander was die betekenis van Paul Kruger wat aanleiding gegee het tot die einde van die Britse oorheersing in ons land. Mnr. H.F. Verwoerd het die era van amptelike apartheid ingelui wat vir 'n lang tyd die struktuur van ons samelewing gekenmerk het. Mnr. Mandela het apartheid tot die bitter einde teengestaan wat gelei het tot ons huidige politieke bestel van universele stemreg en verteenwoordigende demokrasie.

MANDELA

By sy geboorte in Qunu in die Transkei op 18 Julie 1918 het hy die naam Rolihlalhla, wat "moeilikheidmaker" beteken, gekry. Soos die gebruik in daardie tyd was het hy, toe hy begin skool toe gaan, 'n Europese naam naamlik Nelson gekry. Dit was hoofsaaklik omrede die oorspronklike Xhosa naam moeilik was om uit te spreek. Na sy inisiasie is hy herdoop tot Dalibhunga terwyl sy stamnaam Madiba was.

Sy vader, 'n poligamis, was 'n invloedryke figuur in die Xhosa-wêreld en het as raadsheer van stamhoofde gedien. Toe Mandela nege jaar oud was is sy vader oorlede. Sy familie het reeds vroeg met die Christendom in aanraking gekom maar net Mandela se ma het haar tot die Christendom bekeer terwyl Mandela in die Metodiste kerk gedoop is. Opgegroei in 'n tradisionele Xhosa omgewing het Mandela op 'n jong leeftyd reeds kennis gemaak met die Westerse kultuur. Na die dood van sy vader het hy opgegroei onder die voogdyskap van hoofman Jongintaba Dalindyebo, leier van die Thembu stam.
Leergierig soos hy was, het Mandela ademloos gesit en luister na verhale oor impies en hul glorieuse veldslae, maar ook oor toenemende verset van stamhoofde teen Westerse invloede en oorheersing.

OPLEIDING

Sy primêre en sekondêre skoolopleiding het hy ondergaan op sendingskole in Transkei. Ook daar het hy kennis gemaak met 'n mate van vyandelikheid tussen 'n endogene Xhosa kultuur en 'n Westerse kultuur wat immigrante met hulle saamgeneem het. In sy laaste jaar op Healdton, 'n Wesleyaanse opleidingskollege in Fort Beaufort – in die laat dertiger jare van die vorige eeu – sou 'n Xhosa digter die studente toespreek. Hy was 'n *imbongi* (lofsanger) wat, na 'n klein insident op die verhoog, studente op die hart gedruk het om te onderskei tussen wat goed en inheems is en wat uitheems en, per definisie, sleg sou wees. Mandela was diep onder die indruk van die *imbongi* se slotwoorde waarin hy die lof en grootsheid van die Xhosavolk besing het. 'n Gesonde porsie nasionale trots is Mandela nie ontsê nie.

Sy tersiêre skoling het hy op Fort Hare begin waar hy kennis gemaak het met studente politiek. Ook het hy daar vir die eerste keer Oliver Tambo ontmoet. Ongelukkig was sy verblyf daar van korte duur en het hy as verkose lid van die studenteraad, as gevolg van 'n dispuut met die universiteitsowerheid, die instelling verlaat sonder om sy studies te voltooi. Dit was nie sy enigste botsing

[1] N.a.v. Nelson Mandela "Long Walk to Freedom", Abacus

met die gesag nie, soos ons later sal sien. Met ‘n vriend is hy, teen die wil van sy voog, in 1941 Johannesburg toe.

JOHANNESBURG

Dit was vir hom, wat in ‘n rustige plattelandse omgewing groot geword het, ‘n skokkende ervaring om die skerp teenstelling tussen blank en swart te sien en te ervaar. Die mynbedryf was die vernaamste werkgewer vir duisende swartes wat vir ‘n maer loon dikwels gevaarlike mynarbeid moes doen en in *townships* en *compounds* gewoon het. Op soek na ‘n prokureursfirma vir sy studie in die regte het Mandela in aanraking gekom met Walter Sisulu, ‘n eiendomsagent in Johannesburg, wat later van groot betekenis vir Mandela se lewensloop sou blyk te wees.

Sy werksaamhede by die prokureurskantoor Witkin, Sidelsky en Eidelman het hom in aanraking gebring met die destydse streng wette van apartheid. Dit het gebots met sy regverdigheidsgevoel. Tydens ‘n byeenkoms van die Witwatersrand Native Labour Association (WNLA) het Mandela die koningin regentes van Lesotho (toe nog Basutoland) ontmoet. Toe sy Mandela direk aangespreek het moes hy tot sy verleentheid agterkom dat hy haar, wat Sesotho – die taal van die Sotho en Tswana- gepraat het, nie kon verstaan nie. Sy belangrike gevolgtrekking was “Without language, one cannot talk to people and understand them; one cannot share their hopes and aspirations, grasp their history, appreciate their poetry or savour their songs. I again realized that we were not different people with separate languages; we were one people with different tongues”.

Soos hy self toegee, het dit haaks gestaan op die amptelike beleid van die owerheid in daardie tyd wat die etniese verskille van die bevolking van Suid-Afrika erken en selfs bevorder het. Nogtans het dit sy weerstand teen die amptelike regeringsbeleid van aparte ontwikkeling gevoed. Deur sy kontakte met die opposisie teen die regeringsbeleid uit alle lae van die bevolking, blank, Indiër en swart, het sy oortuiging om die politiek van die dag te bekamp al hoe sterker geword. Uiteindelik het hy besluit om hom volledig in te sit vir die bevrydingstryd.

VRYHEIDSVEGTER

Dit het hom laat besluit om by die African National Congress aan te sluit. Walter Sisulu se huis was ‘n populêre bymekaarkomplek vir aktiviste en ANC lede.

Tydens een van die vele informele byeenkomste het Mandela vir Anton Lembede, een van die min swart prokureurs in Suid-Afrika ontmoet. Lembede se oortuiging was dat die kontinent van Afrika die tuiste van die swart man is. Dit was die swart man se plig om homself te bewys en om terug te eis wat hom toekom.

Die kommunisties geïnspireerde African Mine Worker’s Union het in 1946 ‘n week lange staking uitgeroep waaraan 70 000 van die 400 000 swart mynwerkers deelgeneem het. Hulle eis was ‘n loonsverhoging van twee tot tien sjielings per dag, gesinsbehuising en twee weke betaalde vakansie. Die Kamer van Mynwese het nie toegegee nie en die staking is beëindig met ‘n lewensverlies van 12 mynwerkers. In dieselfde jaar het die Smuts regering wetgewing ingestel wat die vryheid van Indiërs sterk ingeperk het. Hulle kon slegs in sekere gebiede woon en handeldryf. Hierdie sg. Ghetto wet het baie sterk teenstand ontlok en vir Mandela was dit des te meer ‘n rede, saam met bg. staking, om hom heeltemal in te sit vir versetpolitiek. Hy was alreeds ‘n lid van die in 1944 gestigte Jeugliga van die ANC en is in 1947 gekies in die Uitvoerende Komitee van die Transvaal tak van die ANC. In 1949 aanvaar die ANC die Jeugliga se aksieplan wat boikotte, stakings, wegbly aksies, passiewe weerstand, protes demonstrasies en ander maniere van massa aksies ingesluit het.

‘n Beplande nasionale staking vir 1 Mei 1950, die sg. Vryheidsdag Staking was ‘n matige sukses maar het die lewens van 18 stakers geëis. As vergelding het die ANC kort daarna ‘n dag van Nasionale Protes uitgeroep.

Die bevolking registrasiewet en die groepsgebiede wet van 1950 was water op die meul van die ANC. Algaande het die spanning tussen die destydse regering en die ANC, wat uitgegroei het tot ‘n volwaardige versetbeweging, geëskaleer. Uiteindelik het die ANC, op voorstel van Mandela, besluit om tot gewapende verset oor te gaan waarmee die stigting van Umkhonto we Sizwe (MK) ‘n feit geword het. Op geheime missies na, veral Afrika lande, het die ANC steun probeer werf vir die gewapende stryd. Lande soos Zambië, Ghana, Etiopië, ens. het geredelik steun toegesê in die vorm van finansiering of opleiding in guerrilla oorlogvoering. Verder van huis is ook steun gekry van veral lande van die kommunistiese blok. Dit was te verwagte aangesien die kommunisme in daardie tyd voordeel wou trek uit ‘n gedestabiliseerde Suid-Afrika.

Hoogs geheime vergaderings van die ANC topstruktuur waar gewapende aksies deur MK bespreek en goedgekeur is het in ‘n huis in Rivonia plaas gevind. Die veiligheidsmagte het toegeslaan, inhegtenisnemings het plaas gevind waarna die sg. Rivonia verhoor gevolg het. Die aangeklaagdes het tereg gestaan op klagtes van hoogverraad waarmee hulle met hulle lewens sou kon boet. Na ‘n uitgerekte verhoor het regterpresident Quartus de Wet Mandela tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel.

ROBBENEILAND

Mandela is gevange gehou op Robbeneiland. Dit was inderdaad

donker jare vir mnr. Mandela. Uit die samelewing verwyder en vrywel afgeslote van enige nuus van die buitewêreld moes hy, onder streng bewaking, sy tyd slyt met eentonige hande arbeid. Ook binne die gevangenis op Robbeneiland was onderlinge kontak tussen medegevangenes minimaal. Op vindingryke maniere het gevangenes tóg kans gesien om met mekaar te kommunikeer. Sonder twyfel is dit te danke aan mnr. Mandela se sterk karakter en streng dagindeling dat hy die lewe min of meer draaglik vir hom kon gemaak het. Meer as een keer het hy die lewe van die gevangenisowerheid moeilik gemaak deur op sy regte te staan en dit, waar nodig, op 'n beoordeling van 'n magistraat te laat aankom. Intussen het die geweld in ons land voortgegaan, dit is eietydse geskiedenis en goed bekend. Politieke druk, sowel plaaslik as internasionaal, vir politieke hervorming het toegeneem.

Aan die ander kant van die draad het politieke leiers mekaar opgevolg. Mnr. Verwoerd is opgevolg deur mnr. Vorster, daarna het mnr. P.W. Botha aan die bewind gekom. Belemmer deur 'n beroerte moes mnr. Botha die leisels oorgee aan mnr. F.W. de Klerk. Met die verwisseling van die wag en toenemende druk het politieke insigte ook 'n verandering ondergaan. Die gevolg was dat die regering van die dag versigtige aanvoorwerk onderneem het om met mnr. Mandela in gesprek te tree. Ondanks sy inkerkering was hy tog beskou as 'n invloedryke persoon wat 'n betekenisvolle bydrae sou kon maak tot politieke verandering en bewerkstelliging van vrede.

Weer het die gesprek in 'n doodloopstraat beland waar die regering van die ANC en mnr. Mandela geëis het dat dade van terrorisme stopgesit moes word terwyl mnr. Mandela die afskaffing van apartheidswette as voorwaarde vir 'n sinvolle gesprek gestel het. Teenoorgestelde standpunte kon versoen word en het gelei tot ANC se onderhandelings met die regering tydens die Codesa I en Codesa II konferensies in Kempton Park.

DEMOKRASIE

Dit was inderdaad 'n wonderwerk dat die oordrag van politieke mag in ons land sonder geweld en bloedvergieting plaasgevind het. Dit word grootliks toegeskryf aan die matigheid van mnr. Mandela voor, tydens en na die onderhandelings. Ons, as Christene, weet natuurlik dat mnr. Mandela 'n werktuig in die hand van onse God was wat dit so gelei het maar dit neem ons dankbaarheid nie weg nie. Inmiddels het ons alreeds vir 10 jare 'n demokratiese bestel met algemene kiesreg. Op hierdie stadium is dit nog onseker of die verkryging van stemreg die lewe van die voorheen benadeelde gedeelte van die bevolking noemenswaardig verbeter het. Net die tyd sal leer.

Mnr. Mandela het hom nooit tot die Christendom aangetrokke gevoel nie. Hoewel hy dikwels daarmee in aanraking gekom het, hy het selfs op 'n stadium van sy lewe Sondagskool klasse aangebied, het hy hom nooit tot die Christendom bekeer nie. Dìt is die tragiek van sy lewe. Hy het "sy" volk na vryheid gelei maar dit is 'n bedrieglike vryheid. Vir hom was apartheid 'n verdrukkende stelsel, en daarvoor kan 'n mens begrip hê. 'n Demokrasie waar die mens en sy regte sentraal staan is egter nie bevrydend nie. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Twee boeke wat lankal uit druk was, is nou weer beskikbaar: SPOELSTRA, B: Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering – Handboek by die kerkorde (R285) TEN HAAF, W: Gewaarborgde oorwinning – 'n verklaring van die boek Daniël (R80)

cd 197084: De schoonste galmen I – Peter Wildeman (orgel) en Liselotte Fennema (panfluit). Fantasie Ps 68, Koraalbewerking Ps 25, Intrada 'Hallelujah, eeuwig dank en ere', Wat de toekomst brenge moge, e.a. *Spesiale prys:* R100

Cd 1402012: De schoonste galmen II – ook met Peter Wildeman en Liselotte Fennema: Alles wat adem heeft, Alle roem is uitgesloten, Daar juicht een toon e.a. *Spesiale prys:* R100

Cd 468636-2: BACH: Matthäus Passion. Koninklijk Concertgebouworkest olv WILLEM MENGELBERG (1871-1951). Opname van 1939. Met o.a. Jo Vincent (sopraan) en Herman Schey (bas) Dubbel cd voor R170!

Eerste deel van die Bybel met Verklarende Aantekeninge (1953 vertaling) beskikbaar (Genesis – Ester). R225

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Tolle Lege (Pretoria)
(Adri Buenk)
14e Laan 961
Wonderboom-Suid
0084
Tel 012 – 331 3750
(weer oop vanaf 26 Julie 2004)

Folmer Boekhandel (Kaapstad)
(Petro Drijfhout)
Bond straat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

Op besoek in KwaMhlanga – die harde werklikheid van armoede en VIGS

Jan en Juliët de Mooij

ONDERHOUD

Die eerste wat 'n mens opval op pad na KwaMhlanga is die groot afstand: ongeveer 70 kilometer ten noorde van Pretoria. Dit is die afstand wat ons dosente en studente, wat aan die Mukhanyo Theological College (MTC) klasgee en les ontvang, gereeld aflê. Ook Joop en Joke Parre, gaslidmate van ons Maranata-gemeente en verbonde aan Mukhanyo Community Development Centre (MCDC), reis twee keer per week na KwaMhlanga om daar hulle vrywilligerswerk te doen, terwyl hulle die ander dae oornag by MTC. Ons was bevoorreg om saam met hulle daarheen te reis en van naby te sien watter werk hulle daar doen. Gedurende hierdie besoek besef ons ook dat daar in meerdere sin afstand tussen ons en KwaMhlanga is.

MCDC het ontstaan vanuit die Mukhanyo Theological College, en maak gebruik van hulle geriewe. Terwyl die MTC die Lig van die Evangelie wil uitbrei deur die praktykgerigte opleiding van predikante in die sendingsituasie (Mukhanyo is die isiNdebele woord vir 'lig'), is die doelstelling van MCDC om die gemeenskap toe te rus om armoede en die gevolge van VIGS te bestry.

Joop en Joke Parre het in 2002 afgetree, nadat hulle in Nederland werksaam was, onderskeidelik in die farmaseutiese bedryf en die gesondheidsorg-opleiding. Daarna kon hulle hul wens om in die buiteland by hulpverlening betrokke te wees, verwesenlik. Hulle inskakeling by die MCDC het gebeur deur advies en bemiddeling van De Verre Naasten (DVN, die sending- en hulporganisasie van de Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland). Hul oorspronklike opdrag was om toesig te hou by die uitdeel van anti-retrovirale medisyne (medisyne wat ten doel het om die VIGS-virus te onderdruk). Al gou was dit egter duidelik dat die VIGS-epidemie op alle vlakke onderskat word, en dat hierdie lewensnoodsaaklike medisyne nie vrylik beskikbaar gemaak word deur die regering nie. Selfs die bestaan van VIGS en die gevolglike probleem van weeskinders, is deur die plaaslike maatskaplike werkers ontken.

Die MCDC ondersteun verskillende projekte in KwaMhlanga en maak hoofsaaklik gebruik van vrywilligers, onder andere vir die oplei van pleegmoeders (vir kinders wat as gevolg van VIGS wees gelaat is) en tuissorgwerkers (vir die versorging van VIGS pasiënte). Onder hulle is Hannes Pieters, wat reeds geruime tyd betrokke is by hulpverlening in behoeftige gemeenskappe. Sy liefde vir hierdie werk word baie duidelik wanneer hy Joke en ons vergesel op ons besoek aan KwaMhlanga.

Saam met ander tuissorgwerkers versprei Joop, Joke en Hannes voedselpakkette aan families en weesgesinne wat deur VIGS geraak is. In die meeste gevalle is dit die enigste voedsame kos waartoe 'n VIGS-pasiënt of weeskinders toegang het. Joke bied verder lesse aan in basiese rekenaarvaardigheid, om sodoende deelnemers se kanse op 'n plek in die arbeidsmark te verbeter. Hiervoor gebruik sy die goed toegeruste klaslokale van die MTC. Joop bied op sy beurt lesse aan in 'n landboumetode wat op ekologiese en veral waterbesparende beginsels gegrond is: sogenaamde EKO-sirkels. Die idee is om op 'n eenvoudige manier, met weinig water en ander hulpmiddels, suksesvol groente te kan verbou. Ons besoek saam met Joop een van die groepe deelnemers aan die program. Joop is teleurgesteld in die aantal deelnemers wat opdaag: van die 12 wat verlede keer daar was, het vandag net 4 opgedaag. Maar dit is 'n patroon waaraan hy in die afgelope 2 jaar gewoond moes raak: groot entoesiasme as hy die beginsel verduidelik en mense uitnooi na 'n kursus, maar dikwels eindig dit in teleurstelling as weinig kursusgangers opdaag, of nie die kursus voltooi nie. Uit die paar suksesse wat behaal word en die gesinne wat wel baat vind by die metode put hy sy motivering. Beide hierdie inisiatiewe het die doel om armoede te bekamp en die gemeenskap toe te rus.

Armoede is 'n realiteit in KwaMhlanga, en hoewel die huise en strate oor die algemeen opvallend skoon en netjies is, lewe die meeste gesinne gebuk onder die grootskaalse werkloosheid. Wanneer ons saam met Joke en Hannes op besoek gaan by 'n paar VIGS-pasiënte, word dit gou duidelik dat daar 'n selfs groter nood in hierdie gemeenskap heers: daar is meer en meer (jong) mense wat sterf aan VIGS. Die werklike omvang van VIGS word ontken deur sowel die gemeenskap as die personeel by gesondheidsklinieke – 'n onverklaarbare soort halsstarrigheid. Wanneer 'n pasiënt sterf en die doodsertifikaat 'natuurlike oorsake' aandui, is die werklikheid meestal dat die sterfgeval aan VIGS toegeskryf moet word. Geen hospies is beskikbaar om die sterwendes op te vang nie, wat veroorsaak dat hulle by die huise versorg moet word, deur swak toegeruste en soms onwillige familielede.

Joop, Joke en Hannes

Dit is ook die geval wanneer ons Thomas (30 jaar oud) besoek - hy is deur sy broer en ouma na buite gedra (om in die son warm te word) en rondom hom speel 3-jarige kinders. Hy is net vel en been en kla van pyn. Die enigste wat sy ouma het om hom te gee is 'n sakkie met aarvoeding - wat by die kliniek aan hom gegee is met die instruksie om dit te drink. Verlede week het hy nog self geloop, maar nou moet sy broer die doeke wat Hannes en Joke gebring het vir hom aansit, en hom die twee eetlepels Panado-stroop gee wat hy elke ses ure kan gebruik. Na alle waarskynlikheid sal Thomas nie langer as 'n paar dae meer leef nie, veral nie as hy die middels gebruik wat die sangoma (toordokter) vir hom bring nie. Hoewel die sangoma beweer dat die braking en diarree wat dit veroorsaak, goed is vir hom en 'sy bloed sal skoonmaak', is die realiteit dat dit sy liggaam elke dag meer uitdroog en sy sterwe verhaas.

Die verligting wat Joke en Hannes (en vele ander tuisversorgers wat hierdie werk doen) bring, is presies dit: tydelike verligting. Die dood is reeds baie naby, en die radeloosheid wat in baie van die pasiënte se oë gesien word, getuig daarvan. Daarom gebruik Joke en Hannes ook elke geleentheid wat hulle ontvang om oor die Evangelie te praat, oor die Here Jesus, oor skuld en verlossing en opstanding. Wanneer ons afskeid neem, kan Thomas in antwoord op Hannes se vrae, nog prewel dat hy verstaan. Twee dae na ons besoek het ons verneem dat hy oorlede is.

Diane (23) is 'n moeder van twee dogters, wat saam met haar moeder en haar suster se gesin 'n huis deel. Sy is al twee jaar lank siek en het al baie dokters gesien, maar die laaste twee weke kan sy nie meer uit die bed kom nie. Die middels wat Joke op die ontstekings aan haar liggaam smeer bring geen genesing nie, maar wel verligting. En groot dankbaarheid oor die feit dat daar nog mense is wat haar in liefde wil versorg. Diane ken die Here, maar word soos almal hier verwar deur die sangomas en invloed van ander gelowe soos die Jehova's Getuies. Boonop worstel sy met die vraag waarom haar man haar onder hierdie omstandighede verlaat het, terwyl hy tegelykertyd die oorsaak was van haar besmetting met VIGS. Die mans in KwaMhlanga is opmerklik deur hulle afwesigheid. Die tipiese huishouding word onderhou deur 'n moeder of ouma, en bestaan dikwels uit kinders en weeskinders van verskillende gesinne.

Ons moet haastig terug na die terrein van MTC, want Hannes moet nog reëlings tref vir die begrafnisse. Van die ses VIGS-pasiënte wat môre begrawe word is twee baie goed aan die MCDC medewerkers bekend. Malume (27) is volgens die dokters oorlede aan meningitis, maar hyself en almal in sy omgewing weet dat hy al geruime tyd aan VIGS gely het. Phumzile (13) is op negejarige leeftyd verkrag en is verlede week aan die gevolge van VIGS oorlede.

Wanneer ons aan die einde van die dag terugreis na Pretoria, is ons gedagtes 'n warboel van teenstrydighede. Die armoede en radeloosheid wat ons aanskou het - teenoor die oorvloed en gesondheid waarin ons en ons kinders leef. Die feit dat ons die Here mag ken en dat Hy ons tot nou toe vir al hierdie leed bewaar het. Tot ons eie skaamte moet ons bemerk dat ander vrae ook deur ons gedagtes gaan: 'Is dit nie dalk God se oordeel oor 'n samelewing en oor 'n sedelose lewensstyl nie?' Maar dan die besef: ons is niks beter as die mense waaroor ons so sou oordeel nie! As die Here nie na ons toe gekom het in sy genade nie, was ons nog steeds waar Hy ons vandaan gehaal het: ver weg van Hom en reddeloos verlore. Ook vir ons geld die woord van die Here Jesus uit Lukas 5: 'Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering'.

Laat ons gebede, harte en hande uitgaan na die mense wat om ons heen sterwende is, veral dié wat die Here Jesus Christus nog nie as hul Here en Saligmaker ken nie. Mag die Here die werk van die sending en hulpverlening seën. En mag Hy ons almal diensbaar maak, sodat sy woord in Mattheüs 25 ook vir ons sal geld: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen'. ¤

TOT AAN DIE EINDE VAN DIE AARDE: NIEU-SEELAND

JH & L Bouwman

RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Onlangs het br. en sr. Bouwman 'n familie-besoek gebring aan Nieu-Seeland. In hierdie artikel gee br. en sr. Bouwman hulle indrukke van die land en die gereformeerde kerk daar weer, sodat ons 'n indruk kan kry van die (kerklike) lewe daar vér onder. Soos br. Bouwman dit karakteriseer: " 'n land wat, waar jy ook al kyk, bergagtig groen is, met orals beeste en skape". Hoewel dit baie positief is, moet dit egter nie gesien word as aansporing om SA te verlaat nie!

KLIMAAT EN LANDBOU

Die klimaat is net die teenoorgestelde as in SA, hulle kry baie reën. Oor die algemeen is dit koud, maar as die son skyn raak dit gou warm. Dit is dus 'n water-ryke land met baie riviere en berge. In vergelyking met Suid-Afrika is daar min natuurlewe. Die verkeer is opvallend gelykmatig. Die spoedgrens in die dorpe is 50 km/u en op die lang paaie 100 km/u. Dit is linkse verkeer en die teerpaaie is baie kronkelrig. Daar is geen huisbediendes nie, die lewe is ingerig om alles self te doen. Daar is egter ook huisvroue wat ander mense se huise teen vergoeding skoonmaak.

Daar het baie ontbossing plaasgevind om plek te maak vir weiding en landbou. Met die sonskyn en baie reën in die land is daar volop weiding. Orals waar jy ry sien jy troppe vee, skape en takbokke. Die weivelde is verdeel in kampe met eenvoudige elektriese heinings. Die suiwelbedryf is intensief, met 'n verskeidenheid van produkte, soos melk, botter, kaas en heelwat melkpoeier vir uitvoer.

Ook die vleisbedryf is baie groot. Wat interessant is, is die tuis-slag. Die slagters kom met 'n trok na die plaas, met inspeksiebevoegdheid. Die bees word op die plaas geskiet en sy vel word afgetrek. Die karkas word in vier stukke gesny, dit word gemerk en verpak. Die tekstuur van die vleis is fyn en die smaak is anders as die Suid-Afrikaanse beesvleis. Dit is seker as gevolg van die voer, wat verskil van Suid-Afrika s'n. Tewens is daar verbouing van appels, pere, pruime, kersies, kiwivrugte, waatlemoene en selfs sitrus en druiwe. Alle vrugte is baie sappig. Nieu-Seeland maak ook sy eie wyn en bier.

Daar is ook heelwat bou en industriële boerdery-aktiwiteite. Moderne tegnologie en hulpmiddels word daarby gebruik. Die meeste mense woon in hout woonhuise. Wat toerisme betref is die land baie gewild, ook onder buitelandse besoekers en die hele land is hierop ingestel. Mense kan vrylik rondbeweeg, daar is geen slaggate in die paaie nie en bedelaars het ons nie gesien nie. Wat die onderwys betref is die staatskole sekulêr. Die Maori-godsdiens word ook op skole geleer. Party ouers stuur hulle kinders na Christelike skole of doen tuisonderrig.

DIE REFORMED CHURCHES VAN NIEU-SEELAND

Op 4 April 1953 is die *Reformed Churches of New Zealand* (RCNZ) in Auckland opgerig deur 'n groep Nederlandse immigrante wat lidmate was van verskillende Protestantse kerke in Nederland. Die afgelope dekade is daar 'n toename van lidmate van ons kerke uit SA. Hulle is aktief en vervul 'n opbouende rol in die kerklike lewe. Die RCNZ handhaaf die drie Formuliere van Eenheid, te wete, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls en die Heidelbergse Kategismus, maar hulle het ook 'n vierde belydenisskrif, die Westminster Konfessie. Hulle staan bankvas by die gereformeerde leer en waak oor die suiwerheid van die Woord- en sakramentsbediening. Die kerklike tug word streng gehandhaaf. Die RCNZ se amptelike maandblad is *Faith in Focus*.

'n Mens se indruk is dat die kerklike bywoning van die *Reformed Church* hoog is en die aanddiens word maklik deur sowat vyftig tot sestig persent van die totale lidmaattal bygewoon, met inagneming dat daar baie boere in die gemeenskap is.

SONDAE

Voor die Sondagoggend se erediens begin word daar psalms en gesange gesing. Daarna kom die predikant binne. Na 'n handdruk van die diensdoende ouderling, word die gemeente welkom geheet en word terug gegroet met: "Good morning, Bill" (die naam van die plaaslike predikant). Dit het 'n gevoel van samehorigheid geskep, waarna die diens begin en die wet gelees word .

Tydens die aanddiens word die Geloofsbelydenis hardop deur almal uitgespreek. Nadat die kollektes opgeneem is, gaan die diakens voor die preekstoel staan. Dan word daar 'n gebed gedoen en die offers word aan die Here opgedra. Uit die kollektes word alle uitgawes betaal, o.a. vir uitbreiding van die kerkverband. Geen ander bydraes word ingesamel nie. Alhoewel daar intekengeld vermeld word in hulle maandelikse kerkblad, ontvang elke gesin die blad gratis. Daar word baie gesing in die *Reformed Churches*. Die kerkgeboue is eenvoudig, sonder prag en praal.

Voor die diens is daar twee gesinne uit SA aan die gemeente voorgestel wat opgeneem is in die kerkverband. Moeite word gedoen om immigrante wat inkom tuis te laat voel. Elke eerste Sondag van die maand is daar 'n diens in Afrikaans te Hukanui, naby Hamilton, om 16:00. Dit word ook gedoen in ander

gemeentes waar Suid-Afrikaners is. Ook het ons ‘n Kerssangaand meegemaak.

GESINSKAMP

Nadat ons in die eerste week die omgewing gesien en verskillende mense ontmoet het, was daar ‘n gesinskamp vanaf Saterdag 27 Desember tot Saterdag 3 Januarie. Hieraan het 62 gesinne met skoolgaande kinders deelgeneem. Ongeveer 260 lidmate het gekom uit verskillende gereformeerde kerke van die noordelike en suidelike eiland van Nieu-Seeland. Dit was op ‘n pragtige kampterrein met alle geriewe, in ‘n bergagtige omgewing, langs ‘n groot rivier.

Dit was ‘n wonderlike en vir ons totaal nuwe ervaring. Dit was baie goed gereël, met verskillende aanbiedinge om dit vir groot en klein aangenaam te maak. Daar was aktiwiteite soos kinderprogramme, waterglybaan en baie sport soos hengelkompetisie, *volleybal*, rugby, sokker, ens. In die aande is daar speletjies gespeel en saam gekuier.

Gemeenskaplike maaltye is drie maal per dag aangebied (versorg deur ‘n veearts met sy gade). Dit was op sigself ‘n groot taak om vir meer as 260 mense vir ‘n hele week etes aan te bied, maar dit is gedoen tot groot tevredenheid van almal. Ook was daar geleentheid om mekaar te leer ken deur oor en weer te gesels.

‘n Tafelgebed is gesing met die woorde:

> Be present at our table Lord.
> Be here and everywhere adored.
> These mercies bless and grant that we
> May strengthened for Thy sevice be.
> Amen.
>
> For health and strength and daily food
> We give thee thanks, Oh Lord.
> For fellowship and all things good
> We praise Thy name, Oh Lord.
> Amen.

Twee predikante, ds. Sjirk Bajema en ds. Gary Milne, was vir die geestelike versorging verantwoordelik. Ds. Milne het soggens die boek Rut met ‘n groepsbespreking aangebied. Ds. Bajema het saans die dag se verrigtinge afgesluit met as tema die bedevaartsliedere: Psalms 120 tot 134. In die saal was daar ‘n uitstalling van Christelike boeke en Bybels. Op die Vrydagaand was daar ‘n konsert waaraan jong en oud deelgeneem het, ‘n pragtige aand.

Een van die hoogtepunte was die Eiland Banket, waar elkeen geklee was met smaakvolle kleurryke kleredrag. Die atmosfeer was opgewek en die etes was van hoogstaande gehalte. Die nuwe jaar is ingelui met vuurwerk en die sing van psalms en gesange. Dit is opmerklik hoeveel mense mekaar reeds ken. Almal wat daar was het saamgewerk om dit ‘n sukses te maak. Dit was tog eintlik ook vakansie. Ons kan dit van harte aanbeveel om na te volg.

Hierdie gesinskampe word reeds vir die laaste 40 jaar gehou. Dit het daartoe gelei dat daar ‘n hegte gemeenskap ontstaan het onder die lidmate van die 19 gemeentes, wat versprei is oor die twee groot eilande. In die meeste groter stede en dorpe is daar ‘n gereformeerde kerk, wat as deel van een groot familie gesien kan word.

Daar was ook ‘n kamp vir seuns en dogters bo 16 jaar wat ook vir ‘n week uitgekamp het op dieselfde manier as die gesinskamp, maar ‘n week later.

Dit is verblydend om te sien dat ook daar in die verre land Christus se kerk 50 jaar gelede geplant is, om die evangelie te verkondig en met groot toewyding, en met die seën van die Here, die kerk se opdrag uit te voer. “Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U ‘n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde” (Hand. 13:47). Ons moet onthou dat ook die Satan hier besig is om die werk te ondermyn van binne en van buite. Dat ook daar ‘n strydende kerk is, wat God se Woord wil uitdra, omring deur heidendom. Ook daar is die Satan besig om die kerk te probeer ondermyn.

UITBREIDING

Daar word gepoog om meer kerke te stig en hopelik kan daar hierdie jaar, met hulp van die Here, nog twee kerke bygevoeg word. Meer inligting oor die RCNZ is verkrygbaar op hul webwerf: www.reformed-churches.org.nz ¤

MEDITASIES OOR DIE 'VENI CREATOR'

Dr AJ de Visser



BOEKBESPREKING

Die lied 'Veni Creator Spiritus' (Kom, Skepper, Gees) is een van die oudste en beste gesange van die Christelike kerk. Dit is geskryf deur die Germaanse aartsbiskop Rabanus Maurus, wat van 780 tot 856 geleef het. Dit is seker die enigste lied wat in Christelike kerke van omtrent alle tradisies gesing word.

Ook in die NG Kerk se nuwe *Liedboek van die kerk* is 'n weergawe van die lied opgeneem (nommer 430). Ongelukkig het die Afrikaanse omdigters, Izak de Villiers en André Hugo, besluit om die teks van die lied te verander en dit uitsluitlik aan die Pinksterfees te koppel: "Kom, Skepper-Gees, besoek u kerk, U wat vernuwe, ons versterk. Vul self u skepping, Heil'ge Gees, met krag op hierdie Pinksterfees." In die oorspronklike Latynse teks is daar nie 'n spesifieke verwysing na die Pinksterfees nie, en derhalwe kon die lied dwars deur die jaar gesing word.

Soos gesê, die lied Veni Creator Spiritus is baie oud. Daar is getuienis uit die jaar 1049 dat die lied toe reeds op 'n kerklike vergadering gesing is, naamlik tydens die konsilie van Reims. Die Acta van die konsilie meld: "Toe die pous in die saal ingekom het, het alle aanwesige geestelikes met groot eerbied die lied *Veni Creator Spiritus* gesing." Wat die Reformasie betref, het Luther die lied in Duits vertaal. Baie van ons ken dit nou deur J.S. Bach se verwerkings van die lied 'Komm, Gott Schöpfer, Heiliger Geist'.

Die teks van die oorspronklike lied *Veni Creator Spiritus* is baie nou aan die Skrif verwant. Dit is ook die rede dat dit in so baie verskillende kerke gesing kan word. Net soos wat daar drie ekumeniese belydenisskrifte is, so kan hierdie lied met reg 'n ekumeniese lied genoem word. 'n Mens kan amper sê dat die *Veni Creator Spiritus* 'n kort opsomming van die persoon en die werk van die Heilige Gees bied. Dit sou nie moeilik wees om op basis van die teks van die lied 'n volledige bespreking van die leer van die Heilige Gees te gee nie.

By Protea Boekhuis in Pretoria het laasjaar 'n vertaling verskyn van boek van Raniero Cantalamessa, onder die titel *Come, Creator Spirit. Meditations on the Veni Creator*. Die boek bevat 22 meditasies oor onderdele van die lied. Die skrywer het 'n Rooms-Katolieke agtergrond wat duidelik in sy meditasies na vore kom. Die boek kan dus nie sonder voorbehoud aanbeveel word nie. Wat die boek interessant maak, is dat die skrywer baie aanhalings van ou kerkvaders in sy boek opgeneem het. Daar is aanhalings van ou kerkvaders soos Origines, Irenaeus, Ambrosius en Augustinus. Dit is interessant om te sien hoeveel daar reeds in die vroeë Christelike kerk nagedink is oor die persoon en die werk van die Heilige Gees.

Wat dinge weer moeiliker maak, is die feit dat die skrywer ook ander teoloë uit die Rooms-Katolieke tradisie aanhaal, soos die skolastiese Tomas Aquinas en die mistieke vader Bonaventura. Die skrywer is trouens nie kieskeurig nie. Selfs Luther, Barth en Bultmann word by geleentheid aangehaal. Dit wil egter voorkom asof die skrywer veral 'n brug wil bou tussen klassieke Rooms-Katolieke teologie (die nadruk op die sakramente is bv. duidelik) en die moderne charismatiese benadering wat ook in die Rooms-Katolieke kerk aanhangers het.

Die resultaat is 'n ietwat vreemde mengsel van aan die een kant stimulerende insigte en verwysings en aan die ander kant teologiese uiteensettings wat beslis afgewys moet word. Ek kan die boek nie sonder reserwe aanbeveel nie.

N.a.v. Raniero Cantalamessa, Come Creator Spirit. Meditations on the 'Veni Creator'. Pretoria: Protea Boekhuis, 2003. 403 p. Prys R133,30. ¤

Aros Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding

In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.

Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134 of e-pos rvdkooy@mailbox.co.za .